**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

**In die saak tussen:**

**NIE RAPPORTEERBAAR**

**Saak nommer: 15967/2006**

Datum: 25/4/2007

**VILJOEN, PETRUS JACOBUS ................................ 1 ste Applikant**

**PROLINE TRADING 82 (PTY) LTD ................................ 2de Applikant**

**en**

**RADEMEYER, ENRICO JOHAN ................................ 1ste Respondent**

**VAN DYK & HORN ATTORNEYS ................................ 2de Respondent**

**UITSPRAAK**

***PRETORIUS R.***

Hierdie is 'n aansoek waar die volgende regshulp gevra word:

> "1. *Dit word bevind dat die eerste respondent op* 13 *April 2006* as *'n direkteur van die tweede applikant bedank het.*
> 2. *Die tweede respondent word gelas* om *die eerste applikant* se *aandelesertifikaat in die tweede applikant binne tien (10) dae na betekening van hierdie bevel op*

*die tweede respondent aan die eerste applikant te lewer.*

3. *Die eerste respondent word gelas om*

sy *aandelesertifikaat*

*in die tweede applikant tesame met 'n ondertekende aandele-oordragvorm (CM* 42), *wat voorsiening maak vir die oordrag van gemelde aandele aan die eerste applikant, binne tien (10) dae* na *betekening van hierdie bevel op die eerste respondent aan die eerste applikant te lewer.*

4. *Die respondente word gelas* om *die tweede applikant* se *akte van oprigting en statute en enige ander dokumentasie van die tweede applikante binne tien (10) dae na betekening van hierdie bevel op die tweede respondent aan die eerste applikant te lewer.*

5. *Indien die respondente sou weier* of *nalaat* om *enige van die bevele in paragrawe* 1,2,3 *en* 4 *hierbo uit te voer* of *ten volle uit te voer, word die Balju hiermee gemagtig en gelas:*

5.1 om *die perseel van die tweede respondent te deursoek en op enige dokument wat in paragrawe* 1,2,3 *en* 4 *hierbo vermeld word, in beslag te neem;*

5.2 om *enige inbeslaggenome dokumente te verwyder;*

5.3 om *enige inbeslaggenome dokumente aan die eerste applikante te lewer; en*

5.4 om *'n aandele-oordragvorm (CM* 42) *vir die oordrag van die eerste respondent* se *aandele in die tweede applikant te voltooi en namens die eerste respondent te onderteken en aan die eerste applikant te lewer.*

6. *Die eerste respondent word gelas* om *die applikante* se *koste van die aansoek te betaal.* "

Hierdie aansoek word geopponeer deur die eerste respondent.

Die eerste respondent opper as hoofpunt *in limine* dat daar op die stukke 'n feite

dispuut is wat die applikant moes voorsien het. Die eerste respondent beweer dat die applikant op grond daarvan 'n aksie moes ingestel het en versoek die hof om die aansoek van die hand te wys of om die aansoek vir verhoor te verwys. Alhoewel die applikante toegee dat die beëdigde verklarings sekere feite dispute daarstel, dit nie werklike of *bona fide* feite dispute nie.

**Indien die hof die eerste respondent gelyk gee sal dit nie nodig wees om met verdere punte *in limine* te handel nie.**

**Daar is ter aanvang beslis dat die aansoek in geheel geargumenteer moet word ten einde die hof in staat te stel om die eerste punt *in limine* te beslis. Die feite van die aansoek is dat dit 'n aansoek is vir spesifieke nakoming van 'n ooreenkoms. Die ooreenkoms lees as volg:**

"12 April 2006 Hiermee verklaar ek *Enrico Johan Rademeyer* ek as direkteur van PROLINE TRADING 82 (Pty) Ltd. bedank.

Ek doen afstand van my 50'% aandeel in PROLINE TRADING 82 (Pty) Ltd. op die volgende voorwaardes:

Die volgende kostes finansieel deur my as uitgawe van die maatskappy aangegaan moet aan my terugbetaal word met ondertekening van finale toepaslike vorms deur prokureur Hanlie van Tonder:

R-\Vaarde

I. Salaris van bestuurder, P Viljoen

2. Onkostes van rakke

3. Prokureurskostes

4. Kontant deposito in die rekening van PROLINE TRADING 82 (Pty) Ltd

5. Administratiewe kostes aangegaan

*Bedrag van R100 000,00*

TOTAAL

*terugkoop van die*

Indien die ondergetekende waarborge kan lewer en borgskap kan verkry in die volgende 2 maande kan die moontlikheid _' n terugkoop in die maatskappy onderhandel word soos vir beide partye P J Viljoen en ondergetekende aanvaarbaar is.

*50% aandeel plaasvind teen die bedrag soos genoem RI00 000.00 asook ondergenoemde punte.*

GETEKEN TE *Pretoria* HIERDIE *13 April*

ENRICO RADEMEYER

GETUIE DRUKSKRIF EN HANDTEKENING

*1* 2.

*Die herregistrasie nie sal plaasvind voor die* 2 *maande verstryk het nie.*

*Die volgende fases in inkomste gefn deur die besigheid as volg aangewend salword*

5 *(a)* (b) (c)

*Eerste fase - maak waarborge kontant*

Fase twee - *maak oortrokke fasilileit kontant*

Fase drie - *uitgawes aangegaan as /enings van direkteure word as kontant gemaak."*

Dit is gemeensaak dat die eerste respondent op 13 April *2006* as direkteur van die tweede applikant bedank het. Die eerste respondent beweer dat hierdie bedanking plaasgevind het om mev Annerita Viljoen, eggenote van eerste applikant tevrede te stel, aangesien sy nie haar en eerste applikant se huis as sekuriteit wou stel as die eerste respondent steeds deel van die besigheid was nie.

Die eerste applikant wou nie die sogenaamde "franchise" verloor as gevolg van die feit dat die eerste applikant se vrou nie sekuriteite wou teken nie en daarom het die eerste respondent teruggetree.

Die verdere geskil tussen die eerste applikant en die eerste respondent is volgens die eerste respondent dat hierdie terugtrede in terme van sekere voorwaardes geskied het met betrekking tot die bestuur van die besigheid. Beide partye erken dat die ooreenkoms gesluit is, maar daar is geen ooreenstemming ten opsigte van die rede en voorwaardes waaronder die ooreenkoms gesluit is nie. Daar is geen ooreenkoms ten opsigte van die status van die ooreenkoms nie.

**In Beaton v Baldachin Bros 1920 AD 312** op 315 het Innes HR bevind: ".. *.the general rule* is *clear: a party to a written agreement cannot vary its terms* by parol *evidence. But a party to* such *a writing, which* it is *sought to* use *against* him, may *evidence to* show *that the document in question is not contract at all, that it was not intended by the signatories to operate as such, but was given another purpose. And when he had thus got rid of the writing, he may, if he can, establish another verbal contract as the true agreement.* "

Verder beweer die eerste respondent dat hy en die eerste applikant nooit die nodige *animus contrahendi* het nie en dat die dokument nooit as 'n regsdokument wat bindend sou wees, opgestel is nie.

Mnr van Wyk het namens die applikante betoog dat die hof stilswyend bedinge moet bevind in die bogenoemde ooreenkoms en dat dit as volg moet lees:
"Ek doen afstand van my 50% aandeel in PROLINE TRADING 82 (Pty)
Ltd *ten gunste van P J Viljoen deur aandele en leningsrekening in*
*gemelde maatskappy vir die ondergetekende bedrag van R100 000,00*

*en* op die volgende voorwaardes *aan hom te verkoop [...]"*

Die gekursiveerde gedeelte is die stilswyende beding wat die hof moet inlees in die kontrak.

**Christie The Law of Contract in South African 5de uitgawe** op p171 verklaar:

> *"...it suggested that in order to establish an actual,* as *opposed to an imputed, tacit term (the difference being explained in Wilkens v Voges* [...]), *it is necessary to prove, by the preponderance of probabilities, conduct and circumstances which are* so *unequivocal that the parties must have been satisfied that they were* in *agreement* on *the tacit term.* If *the court is satisfied* on *the preponderance of probabilities that the parties reached agreement* in *that manner it may find the tacit term established.* "

**In Alfred McAlpine & Sons (Pty) Ltd v Transvaal ProvincialAdministration 1974 (3) SA 506 (A)** bevind Corbett WN A.R op 532 H-I en 533 A:

> *"Before it can imply a tacit term the Court must* be *satisfied, upon a consideration* in *a reasonable and businesslike manner of the terms of the contract and the admissible evidence of surrounding circumstances, that* an *implication necessarily arises that the parties intented to contract* on *the basis of the suggested term.* "

Dit is nie hierdie hof se funksie om stilswyende bedinge in die ooreenkoms te bevind op die feite en getuienis daar te stel om die gewensde uitleg aan die ooreenkoms te gee nie.

**In Johnston v Leal 1980 (3) SA 927(A)** het die hof ten aansien van 'n koopooreenkoms by monde van Corbett AR op 938 B bevind: *"Generally speaking these terms - and especially the* essentialia – *must* be *set forth with sufficient accuracy and particularity to enable the identity of the parties, the amount of the purchase price and the identity of the subject-matter of the contract, as also the force and effect of other material terms of the contract, to be ascertained without recourse to evidence of an oral* consensus *between the parties.* "

Dit is gemeensaak dat daar wel 'n gesprek tussen die partye plaasgevind het

ten opsigte van die ooreenkoms, nadat mev Nel, die verhoudinge bestuurder van ABSA, met die eerste applikant en die respondent vergader het. Die inhoud van hierdie gesprek het skynbaar volgens beide partye aanleiding gegee daartoe dat eerste respondent die ooreenkoms geteken het. Hierdie gebeure kan egter nie getoets word indien daar nie mondelinge getuienis gelewer word nie, aangesien die applikante en respondente nie *ad idem* is omtrent die inhoud van die gesprek nie.

**In Moosa Bros and Sons (Pty) Ltd v Rajah 1975 (4) 87 (D&CLD)** het Kumleben R bevind:

> *"To summarise* my *conclusions on the legal arguments raised:*
> (a) *As* a *matter of interpretation, there is nothing in the language of Rule* 6 (5) *(g) which restricts the discretionary power of the Court to order the cross-examination of* a *deponent to cases in which* a *dispute of fact is shown to exist.*
> *(b) The illustrations of "genuine" disputes of fact given in the Room Hire case at p.* 1163 *do not - and did not purport to - set out the circumstances in which cross-examination under the relevant Transvaal Rule of Court could be authorised. They* a fortiori *do not determine the circumstances in which such relief should be granted in terms of the present Rule* 6 (5) *(g).*
> *(c) Without attempting to lay down any precise rule, which may have the effect* of *limiting the wide discretion implicit in this Rule, in* my *view oral evidence in one or other form envisaged by the Rule should be allowed if there are reasonable grounds for doubting the correctness* of *the allegations concerned,*
> *(d) In reaching* a *decision in this regard, facts peculiarly within the knowledge* of *an applicant, which for that reason cannot be directly contradicted or refuted by the opposite party, are to be carefully scrutinised.* "

**In Stellenbosch Farmers Winery Ltd v Stellenvale Winery (Pty) Ltd 1957 (4) SA 234** op 235 E-G Van Wyk J bevind:

"... *where there is* a *dispute* as *to the facts* a *final interdict should only be granted in notice* of *motion proceedings if the facts* as *stated by the respondents together with the admitted facts in the applicant's affidavits justify such an order... Where it is clear that facts, though not formally admitted, cannot be denied, they must be regarded* as *admitted.* "

**In Plascon-Evans Paints Ltd v Van Riebeeck Paints (Pty) Ltd 1984 (3) SA 623 (A)** het Corbett AR bevind op 634 en 635:

*"It* seems *to me, however, that this formulation of the general rule, and particularly the second sentence thereof, requires* some *clarification and, perhaps, qualification. It is correct that, where in proceedings on notice of motion disputes of fact have arisen on the affidavits,* a *final order, whether it be an interdict* or *some other form* of *relief, may be granted if those facts averred in the applicant's affidavits which have been admitted by the respondent, together with the facts alleged by the respondent, justify such an order. The power* of *the Court to give such final relief on the papers before it is, however, not confined to such* a *situation. In certain instances the denial by respondent* of a *fact alleged by the applicant may not be such* as *to raise* a *real, genuine* or *bona fide dispute* of *fact (see in this regard Room Hire* Co *(Pty) Ltd v Jeppe Street Mansions (Pty) Ltd* 1949 (3) *SA* 1155 *(T) at* 1163 - 5; Da *Mata v Otto NO* 1972 (3) *SA* 858 *(A) at 882D - H). If in such* a *case the respondent has not availed himself* of *his right to apply for the deponents concerned to be called for cross-examination under Rule* 6 (5) *(g)* of *the Uniform Rules* of *Court (cf Petersen v Cuthbert* & Co *Ltd* 1945 *AD 420 at* ; *Room Hire case supra at* 1164) *and the Court is satisfied* as *to the inherent credibility* of *the applicant's factual averment, it may proceed on the basis* of *the correctness thereof and include this fact among those upon which it determines whether the applicant is entitled to the final relief which he seeks...* "

Hierdie hof kan nie in die lig van die getuienis ten opsigte van die omringende omstandighede wat die aangaan van die ooreenkoms betref, 'n bevinding maak

op die stukke om te bepaal wat die status van die ooreenkoms is nie.

Nadat ek al die dokumente nagegaan het en die regsverteenwoordigers se argumente oorweeg het, is ek van oordeel dat die aansoek na verhoor verwys moet word.

Ek maak die volgende bevel:

1. Die aansoek word vir verhoor verwys;
2. Die kennisgewing van mosie sal dien as 'n enkelvoudige dagvaardiging
3. Die kennisgewing van voorneme om te opponeer sal dien as 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig;
4. Die applikant sal 'n deklarasie binne 20 dae van hierdie bevel aflewer; Daarna sal alle hofreels ten opsigte van aksies van toepassing
5. wees;
6. Die koste van die aansoek word voorbehou om deur die verhoorhof bepaal te word.

Saak nommer: 15967/2006

Gehoor op: 19 April 2007

Vir die Applikant

Opdrag deur

Vir die Respondent

Opdrag deur

Datum van Uitspraak

Adv A M van Wyk

Wessels en Genote

Adv I M Bredenkamp

Van Dyk & Horn